**WERKKAART 4**

**MODULE 3**

**Beantwoord die volgende vrae.**

Lees “Grobbelaartjie van Velskoendorp” (p 56-57).

1. Soek gepaste antonieme uit die teks vir die volgende woorde:
   a) lafhartige
   b) jongste
   c) vinnig

2. Soek gepaste sinonieme uit die teks vir die volgende woorde:
   a) aanloop
   b) motor
   c) onvriendelike

3. Skryf twee koppeltekenwoorde uit die teks neer.

Lees “Wat maak van ’n mens ’n goeie entrepreneur?” op bladsy 59-60.

4. Skryf punt *e* (die vyfde paragraaf) oor in die ontkenning.

5. Skryf twee kappiewoorde neer uit die teks.

6. Skryf twee deeltekenwoorde neer uit die teks.

7. Kyk na *Piekfyn-woordeboek* op bladsy 62. Verdeel die *Woordbetekenis*-woorde in lettergrepe. Dui ook aan of dit oop- of geslote lettergrepe is.

Lees “Hoe om jou eie baas te word” op bladsy 65-66.

8. Skryf die intensiewe vorme van die volgende woorde:
   a) goed
   b) mooi
   c) maklik

9. Skryf 'n gepaste vergelyking vir elk van die volgende woorde:
   a) goed
   b) groot
   c) dun

10. Skryf die paragraaf oor en gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

*As ek eendag ’n (goed) entrepreneur wil wees, moet ek (baie) kreatief wees as my vriende. Dan sal ek die (baie) geld maak van almal en een van die (ryk) mense in die wêreld wees. Ek sal al drie idees gebruik, want die een is nie (goed) as die ander een nie.*

11. Lees die teks oor Mark Shuttleworth op bladsy 72-73. Kyk na sin 3 en beantwoord die volgende vrae:

    a) Skryf die gesegde van die sin neer.

    b) Skryf die onderwerp van die sin neer.

    c) Skryf die voorwerp van die sin neer.

12. Verbind die volgende sinne deur die voegwoorde tussen hakies te gebruik.

    a) Mark het sy ruimtepak aan. Mark het sy ruimteskoene aan. (en)

    b) Die ruimtetuig het ’n driehoekpunt. Gewone vliegtuie het dit nie. (maar)

    c) Mark het skatryk geword. Mark het ’n goeie kop vir besigheid gehad. (omdat)

    d) Mark het ’n goeie hart. Hy het vir sy werkers elkeen R1 miljoen gegee. (omrede)